# Veelsydigste fotograwe verdien erkenning

**ELSJE VERMEULEN**

VANDERBIJLPARK - Om goeie foto's te neem is reeds 'n kuns, maar om 'n veelsydige fotograaf te wees wat alle genres van fotografie bemeester is voorwaar 'n prestasie.

Die Vanderbijlparkse Fotografiese Vereniging hou maandeliks klubaande waar daar elke maand 'n tema gestel word. Jaarliks met die laaste klubaand van die jaar in November, word hul vernuf ekstra beproef. Dit is dan tyd vir die veelsydigheids-kompetisie waar fotograwe vyf foto's uit 'n keuse van nege kategorieë kan inskryf.

Die kategorieë sluit in: landskappe, argitektuur, portrette en kreatiewe fotografie tot makrofotografie en sport.

Gesoute beoordelaars van Kaapstad is vir die beoordeling ingespan en hulle moes behoorlik bontstaan om wenners in die nege kategorieë aan te wys.

Behalwe vir die kategorie-wenners, is daar ook wenners vir die onderskeie Ster-graderings. Die junior-afdeling is vir 1 tot 3 Ster graderings, en die senior-afdeling vir 4 Ster en hoër graderings.

Die fotograwe het punte gekry vir al die foto's wat hulle in die onderskeie afdelings ingeskryf het, waarna die punte bymekaar getel is om die algehele wenners te bepaal.


Francois Roux is as die algehele wenner aangewys, met Haig Fourie kort op sy hakke. Francois se foto *Daar is nog lewe* is aangewys as beste foto van die aand.

In die junior-afdeling is Eanette Maass se foto *Malawi visserman* as die wenfoto aangewys. Die klub wens almal 'n baie geseënde feestyd toe.

Die eerste klubaand vir 2025 is op 17 Januarie by NWU om 18:30. Die tema is "Spreekwoorde."

Belangstellendes is welkom om die aand by te woon. Vir meer inligting en om deel te word van die klub kontak Johan Brits by 082 718 8394 of tsawa@yebo.co.za

*(Besoek die klub se webtuiste: www.vdbp-photo.co.za of Facebookblad by https://www.facebook.com/VdbpPhotoClub).*



**Francois Roux se foto**
***Daar is nog lewe.***



Eanette Maass se foto *Malawi visserman*.



Die fotograwe wat die wenners was in die onderskeie afdeling (party in meer as een) is van links: Haig Fourie, Suzy Louw, Henk Scheepers (voorsitter), Mietsie Visser en Francois Roux.



Francois Roux (regs) was die algehele wenner van die Veelsydigheids-kompetisie. Hier word hy deur klubvoorsitter, Henk Scheepers, geluk gewens.

**EDITORIAL**

# New maternity ward for Midvaal Private Hospital

**CHRISTIAAN CLOETE**

VEREENIGING - Midvaal Private Hospital is proud to introduce its brand-new, state-of-the-art Maternity Ward, designed to offer expecting mothers a more private, comfortable, and secure environment. Located on the second floor of the hospital, opposite Ward 8, the new unit features nine spacious beds, larger rooms, and a modern delivery room, all aimed at enhancing the experience for both mothers and their families.

The creation of the maternity ward follows numerous requests from new mothers seeking more privacy during their stay. Previously, mothers had to share rooms with other patients, which many found uncomfortable. According to André Joubert, the hospital's general manager, the new ward addresses this concern by offering more single rooms, ensuring a more personal and peaceful experience. "The ward is larger, more modern, and located in a quieter part of the hospital, away from the main corridor. This creates a calmer, more serene environment for both mothers and their visitors," said Joubert.

The decision to convert one of the smaller medical wards into the maternity unit took around eight weeks of alterations, with approval from the Department of Health extending the process slightly. The result is a ward equipped with the latest safety features to protect both mothers and their newborns, including 24-hour security and soon-to-be-installed access control for visitors.

Joubert emphasised that Midvaal Private Hospital is committed to providing top-tier care without the need for families to travel to Johannesburg or Pretoria. "We have some of the best doctors and specialists in the Vaal, and this new unit is a testament to our ongoing commitment to serving the community," he said.

The hospital is planning an official opening in early 2025, but the ward is already operational and ready to welcome new mothers.



Sister Karin Prinsloo and Sister Cicilia Engelbrecht inside the new maternity theatre inside Midvaal Private Hospital's brand new state-of-the-art Maternity Ward. This theatre is exclusively for natural births. Photo: Christiaan Cloete



Right: Sister Francis du Plessis and Sister Karin Prinsloo inside the neonatal high care unit that that provides specialized care for premature or sick newborn babies.




Midvaal Private Hospital now boasts its own state-of-the-art Maternity Ward. Photo: Christiaan Cloete